

ONTMOET DIE USB SE NUWE DIREKTEUR

Man van vele talente

DIT BLYK ASOF die USB se volgende direkteur, prof John Powell, iemand is wat meer ure in sy dag het as die meeste ander mense.

Buiten die feit dat hy professor in Strategie en hoof van Bemaking en Strategie by Brittanje se Cardiff Universiteit is, skilder hy ook met waterverf en speel hy fluit. Daarby herbou hy die afgelope drie jaar - op sy eie - 'n huis naby die Walliese hoofstad.

Powell en sy lewensmaat, Juani Swart, 'n Suid-Afrikaner wat oorspronklik van Krugersdorp aan die Wes-Rand kom, geniet dit ook om na ballet te kyk. Daarby leer Powell Afrikaans. Trouens, hy kla dat Swart se Engels so goed is dat hy nie kans kry om sy Afrikaans op haar te oefen nie. Een van die redes waarom hy so opgewonde is dat hy gekies is om die leisels by professor Eon Smit oor te neem, is dat hy meer mense sal hê om sy Afrikaans op te oefen.

Hy praat ook sewe ander tale; drie daarvan vlot.

Powell sien daarna uit om op 1 Mei in sy nuwe pos te begin.

"Ek het die afgelope paar jaar dikwels daaraan gedink om vir dekaanskappe op 'n hele aantal plekke aansoek te doen, maar ek het nooit 'n plek gevind waar ek so sterk voel oor 'n verskil maak as by die USB nie," sê dié akademikus wat sy loopbaan as skeepsingenieur begin het en toe 'n sakeman geword het.

Professor John Powell is g'n vreemdeling in Suid-Afrika nie. **SUE BLAINE** gesels met die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool se nuwe direkteur oor al sy belangstellings.



Prof John Powell se direkteurskap begin op 1 Mei.

Nadat hy 'n MA in elektriese ingenieurswese aan Brittanje se gesaghebbende Cambridge Universiteit behaal het, het Powell in 1979 as stelsingenieur by die Britse verdedigings-, sekuriteits- en ruimtevaartmaatskappy BAE se militêre divisie aangesluit. Sestien jaar later was hy Brittanje se verteenwoordiger op die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) se Toekomsbeplanningskomitee en die VK se 'fokuspunt' vir NAVO se samewerkingstudie oor 2010 se vooruitskattings ten opsigte van militêre tegnologie. Maar dit is nie al nie.

Powell se akademiese skuif was deur 'n agterdeur: In 1995, terwyl hy direkteur van duikbote by BAE was, het hy 'n jaarlange navorsingsbeurs gekry om omvattende projekdinamika by Brittanje se Cranfield Universiteit in die Engelse Middelland te bestudeer. Die studieverlof was veronderstel om die gaping te vul wat veroorsaak is deur BAE se pogings om 'n skeepsverf te koop waarvandaan hulle duikbote kon verkoop. Dit het uiteindelik tot 'n PhD en loopbaanskuif vir Powell gelei.

"Ek vind dit ongelooflik bevredigend (om by 'n akademiese instansie te studeer). Wanneer jy aan iets werk, is daar nie tyd om te dink oor dit wat jy doen nie," sê hy.

Sedert Powell in Desember 1995 as 'n senior navorsingsgenoot by Cranfield Universiteit se Skool vir Verdedigingsbestuur aangestel is, gee hy klas in strategiese bestuur en ontleding by Cranfield sowel as by die universiteit van Bath, Southampton en Cardiff.

Toe Powell in Desember 2007 'n professoraat in Strategie by Cardiff aanvaar het, het hy huis toe gekom. Hy is ook die hoof van die Afdeling Bemaking en Strategie.

"Ek is 'n Wallieser ... ek het op Suid-Wallis se skeepsdokke groot geword. Cardiff is baie soos Kaapstad, maar daar is net baie meer reën en wolke," sê hy. Die Walliese hoofstad is dié land se grootste stad en ook sy kulturele en politieke middelpunt. Dit is terselfdertyd 'n hawestad - en dit is volgens hom die ooreenkoms met Kaapstad.

"Daar is baie seehandel in albei

stede. Cardiff was en is baie multikultureel. Toe ek groot geword het, was omtrent net dertig persent van die gesigte wat ek gesien het wit ... Ek is ook baie lief vir die multikulturalisme van Kaapstad," sê hy.

Powell kom al vir 'n paar jaar lank Suid-Afrika toe vir vakansies omdat Swart se ouers op Swellendam afgetreke het. Volgens hom is Swellendam "n lewendige plek as jy dit eers leer ken". Hy het ook Wildernis, Knysna en Johannesburg besoek.

Powell en Swart ('n spesialis in kennisbestuur) het vier jaar gelede begin om 'n kort MBA-keusevak genaamd Kennisbestuur vir Strategiese Doeltreffendheid by die USB aan te bied. Hy is ook 'n PhD-eksaminator van die USB, en hy sê sy ervaring van die bestuurskool wys dat die skool, net soos hy, glo dat dit "belangrik is om iets na te streef wat die moeite werd is en wat as die moeite werd beskou word deur almal wat daarby betrokke is".

Die USB volg ook twee ander "bestuurstemas" wat volgens hom organisasies internasionaal doeltreffend en selfversekerd maak - die kombinasie van 'n duidelik ooreenge-

akademici te sterk deur prestasie-meetingsreëls gedryf word.

"Die aspirasies van Suid-Afrika is anders." Volgens hom gaan dit in Suid-Afrika oor "kom ons maak ons onderrig regtig goed en kom ons dink regtig goed".

Suid-Afrikaanse universiteite word ook min of meer gesubsidieer volgens hoeveel navorsing elke jaar gepubliseer word, en Powell is glad nie hierteen gekant nie. "Die mense wat navorsing befonds - of dit nou die regering, groot befondsingsliggame of industriële organisasies is - het uiteraard bewyse nodig dat hul geld en hul goedgesindheid voordelig aangewend word. Die belangrikste is egter om te onthou dat dit eintlik die navorsing is wat voordelig aangewend moet word," sê hy.

Die MBA word dikwels as 'n bestuurskool se vlagskipprogram gesien, en Powell stem saam dat enige bestuurskool 'n eerste-klas MBA moet aanbied. Hy merk egter op dat nie alle bestuurskole hul MBA-program as hul belangrikste aanbod beskou nie en dat daar aanpasbaarheid op hierdie gebied moet wees. Wat 'n MBA moet doen, is om relevant ten

'Ek het nooit 'n plek gevind waar ek so sterk voel oor 'n verskil maak as by die USB nie.'

kome visie en realistiese beleid met "ondubbelsinnige delegeringslyne van gesag" ooreenkomstig daardie beleid, en ook die bewustheid dat 'n organisasie se oorgrens-doeltreffendheid 'n "geval van sinergie van belangstellings is tussen die partye wat daardie grense oorsteek".

Die wyse waarop die USB bestuur word, gee Powell "n goeie gevoel".

"Dit is regtig 'n goeie plek om by te werk omdat daar nog gesonde verstand heers," sê hy. Hy keur die negatiewe impak van die Britse regering se akademiese prestasie-metings op Britse akademici af. Powell reken dat hierdie evalueringstelsel 'n "klousrofobiese atmosfeer" skep waar


opsigte van die tyd en plek te bly, sê hy.

"Dit is nie bloot 'n akademiese kwalifikasie nie. Dit moet tersaaklik bly in die bedryf. Ek sien verskillende MBA-filosofieë oor die hele wêreld ... hulle weerspieël die nasionale wense, die nasionale gevoel. Die waardes verskil egter van samelewing tot samelewing," sê hy.

"Dit is duidelik dat entrepreneurskap in Suid-Afrika sterk en gesond is: selfs straatmouse weet waar en hoe om risiko's te neem. Maar groot en internasionale ondernemings sal altyd vir Suid-Afrika belangrik wees. Groot ondernemings het geld en dit is die bestuurskole se skakel met die

wêreld. Suid-Afrikaanse bestuurskole moet met een gesig na Suid-Afrika kyk en met 'n ander gesig na die wêreld," sê hy.

Wanneer Powell by die USB begin, sal hy hom deur die tweede klousule van die vroeë Hippokratiese eed laat lei: Eerstens, moenie skade aanrig nie.

"Die USB het ongelooflike onderrig, goeie hulpbronne, en industriële en akademiese konneksies oor die hele wêreld. My doel is om geensins hieraan te verander nie, maar om dit te versterk. Dit moet gemobiliseer word om die relevansie en impak van dít wat die USB doen, te verbeter," sê hy. 

WAT LÊ OP SY BEDKASSIE?

'*The Boer War* deur Thomas Pakenham, en *Venice Sketchbook* deur Fabrice Moireau.'

EN SY GUNSTELING STUK MUSIEK?

'Maklik. Die eerste beweging van Bach se concerto vir twee viole. Ek het dit een keer in 'n klein kerkie bo in die Tarentaise-vallei in Frankryk se Savoje gehoor.'